Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE RAADSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 17 MEI 2023 OM 14:00**

---

**TEENWOORDIG:**

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

<u>Lede van die Burgemeesterskomitee</u>:
Rdl D G Bess
Rdl N Smit
Rdh T van Essen
Rdl A K Warnick

<u>Ander raadslede:</u>
Die Speaker, rdl M A Rangasamy

<u>Beamptes</u>:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Strategiese Dienste, mnr L Fourie
Bestuurder: Sekretariaat en Rekordsdienste, me N Brand

**1. OPENING**

Die Uitvoerende Burgemeester verwelkom lede en versoek rdl J M de Beer om die vergadering met gebed te open.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Dat **KENNIS GENEEM** word van die verskonings ontvang vanaf die Senior Bestuurder: Strategiese Dienste, me O Fransman.

**3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE**

Geen.

**4. NOTULES**

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 19 APRIL 2023**

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 19 April 2023 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

5./...

## 5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS UIT DIE NOTULE

### 5.1 NOTULE VAN PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 10 MEI 2023

#### 5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

#### 5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

#### 5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

#### 5.1.4 BESKERMINGDIENSTE

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

## 6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

## 7. NUWE SAKE

### 7.1 2023 GEïNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (2/1/4/4/1)

Die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) van ‘n munisipaliteit dien as die hoof strategiese plan wat handel met die mees kritieke ontwikkelingsbehoeftes in die munisipale area (eksterne fokus), sowel as die mees kritieke bestuursbehoeftes van die organisasie (interne fokus).

Die Raad het op 25 Augustus 2022 die Prosesplan aanvaar vir die opstel van ‘n nuwe GOP. Die konsep GOP is op 30 Maart 2023 aan die Raad voorgelê met die doel om die publieke deelnameproses te inisieer.

**BESLUIT** (vir voorlegging aan die Raad op 25 Mei 2023)
(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat die 2023 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) vir die Swartland munisipale gebied, sowel as die vyf Areaplanne vir 2023/2024, vir goedkeuring deur die Raad aanbeveel word in terme van Hoofstuk 5 van die Wet op Munisipale Stelsels Nr 32 van 2000;

(b) dat die Raad kennis neem van die wysigings aan die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk soos vervat in die opsomming in Hoofstuk 2, paragraaf 2.5(c) van die GOP;

(c) Dat die kommentaar en insette wat tydens April 2023 ontvang is (insluitende die SIME kommentaar), hanteer word ooreenkomstig Aanhangsels 2 en 3;

(d) Dat die wetlike proses, soos voorgeskryf in die Wet op Munisipale Stelsels Nr 32 van 2000, die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur Nr 56 van 2003 en die Munisipale Begroting en Verslagdoening Regulasies, 2009, afgehandel word na goedkeuring van die GOP deur die Raad.

**7.2 SWARTLAND MUNISIPALITEIT: WYSIGING VAN MUNISIPALE RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK 2023-2027 (15/1/4/1)**

Die doel van die wysiging van die Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk 2023-2027 (ROR) is om 'n beleidsdokument daar te stel wat as riglyn dien vir volhoubare ruimtelike ontwikkeling binne die munisipale gebied.

Alle toepaslike nasionale, provinsiale en plaaslike wetgewing en regulasies is in ag geneem om die ROR te belyn met die nodige beleidsriglyne, sowel as met die ruimtelike implikasies vervat in die GOP.

Die Munisipale Bestuurder verwys na die omvang van kommentaar wat ontvang is op die ROR en die Stadsbeplanners word bedank vir die wyse waarop daar in detail met die kommentaar gehandel is.

**BESLUIT** (vir voorlegging aan die Raad op 25 Mei 2023)
(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat die Raad die wysigings van die Swartland Munisipaliteit: Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk vir die totale regsgebied van Swartland ingevolge artikel 7(3) van die Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020) aanneem, onderhewig aan die volgende:

(a) Die Raad moet binne 14 dae vanaf besluitneming in die media en die Provinsiale Koerant kennis gee van sy besluit;

(b) Die persone/instansies wat in die publieke deelnameproses kommentaar gelewer het van die Raad se besluit en reaksie in kennis gestel word;

(c) Alle toekomstige ontwikkelingsaansoeke aan die beginsels van die Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk oorweeg en evalueer sal word;

(d) Aksieplanne uit die Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk jaarliks na die GOP proses vir befondsing verwys word;

(e) Spesiale pogings jaarliks aangewend sal word ten einde uitvoering aan aksieplanne in die Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk te gee.

**7.3 BEGROTINGSBEHEERKOMITEE TEGNIESE AANBEVELINGS VIR DIE MEERJARIGE KAPITAAL- EN BEDRYFSBEGROTINGS, GEWYSIGDE BEGROTING- EN VERWANTE BELEIDE, EIENDOMSBELASTING, TARIEWE EN ANDER HEFFINGS VIR 2023/2024, 2024/2025 EN 2025/2026 (5/1/1/1, 5/1/1/2, 5/1/4)**

Die Direkteur: Finansiële Dienste behandel die verslag ten einde 'n geleentheid aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee te gee om die meerjarige kapitaal- en bedryfsbegrotings gewysigde begrotings- en verwante beleide, eiendomsbelasting, tariewe en ander heffings aan die Raad aan te beveel op 25 Mei 2023.

Die Direkteur: Finansiële Dienste bevestig dat daar nie wesenlike veranderinge in die begrotings aangebring is sedert die voorlegging van die 90-dae begroting aan die Raad in Maart 2023 en die enkele wysigings word uitgewys, onder andere, die verlaging van die elektrisiteitstariewe vanaf 20,49 na 18,49 wat onderhewig is aan NERSA se finale goedkeuring.

**BESLUIT** (vir voorlegging aan die Raad op 25 Mei 2023)
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

(a) Dat daar kennis geneem word van die publieke en provinsiale insette wat ontvang is en dat die reaksie en kommentaar **(Annexure E, Inputs received on Draft Budget)** daarop as aanbevelings deur die Begrotingsbeheerkomitee en Uitvoerende Burgemeesters-komitee, insoverre dit verband hou met die 2023/2024 MTREF Konsep Begroting, aanvaar word en dat daar, na oorweging van die insette op die konsepbegroting, nie nodig is vir enige wysigings aan die begroting of beleide nie:

(b) Dat die Raad kennis neem dat die koste soos beoog deur Artikel 19 (2)(a)(b) verkry is na konsultasie met die onderskeie direkteur(e) wie die koste bevestig het soos per **(Annexure A: 2023/2024 – 2025/2026 Final Budget and Tariff File)** en oorweeg dieselfde;

(c) Dat die Raad voor die goedkeuring van die kapitaal projekte bo R50 miljoen soos gelys in **(Annexure B: 2023/2024 – 2025/2026 Capital Projects ito Sec 19)**, eers die geprojekteerde koste wat alle finansiële jare dek totdat die projek in werking is; en die toekomstige bedryfskoste en inkomste op die projek, met inbegrip van belasting- en tarief-implikasies oorweeg;

(d) Dat die Raad dit toepaslik geag het om die totale kapitaalprogram te oorweeg, uitgesluit die 3 individuele projekte bo R50 miljoen aangesien die voorgenoemde kapitaalprogram se operasionele koste, insluitend die toekomstige koste wat gedek sal word deur belasting en die normale kostesentrums soos in die bedryfsbegroting;

(e) Dat die toekomstige kapitaalbegrotings vanaf jaar 3 beperk word tot 16.5% van die bedryfsbegroting (gebaseer op NT se norm van tussen 10% en 20% vir Kapitaalbesteding tot Totale Bedryfsbesteding) as gevolg van die opwaartse druk wat dit het op die bedryfsbegroting en die bekostigbaarheid van tariewe;

(f) Dat die Raad die befondsingsbronne oorweeg wat verband hou met die raad se kapitaalprogram en daarop let dat die befondsingsbronne beskikbaar is en nie vir ander doeleindes geoormerk is nie;

| FINANCING SOURCES | Final Budget 2023/2024 | Final Budget 2024/2025 | Final Budget 2025/2026 |
|---|---|---|---|
| Capital Replacement Reserve (CRR) | R 100 565 452 | R 70 374 545 | R 99 643 329 |
| External Loans | R - | R 33 000 000 | R 17 000 000 |
| Municipal Infrastructure Grant (MIG) | R 24 708 000 | R 25 664 000 | R 26 660 000 |
| Dept. Human Settlements | R 55 314 000 | R 64 890 000 | R 30 000 000 |
| Integrated National Electrification Programme (INEP) | R 23 658 000 | R 25 000 000 | R 35 000 000 |
| RSEP | R 500 000 | - | - |
| Contributions / Donations | R 1 224 943 | - | - |
| Dept. Cultural Affairs and Sport | R 1 016 000 | - | - |
| Community Safety Grant | R 40 000 | R 40 000 | - |
| Fire Service Capacity Building Grant | R 926 000 | - | - |
| | | | |
| GRAND TOTAL | R 207 952 395 | R 218 968 545 | R 208 303 329 |

(g) Dat die Raad die kapitaalprojekte as deel van die gekonsolideerde kapitaalprogram goedkeur soos per **(Annexure A: 2023/2024 – 2025/2026 Final Budget and Tariff File)**;

(h) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen vir die opneem van 'n eksterne lening tot ‘n bedrag van R50 miljoen vir jaar 2 van die 2023/24 MTREF, vir die gedeeltelike finansiering van die volgende kapitaalprojekte: Malmesbury De Hoop 132/11kV Substation (R29 miljoen) en die Development of Highlands New Landfill Cell (R21 miljoen), deur die mark te toets by wyse van die inwin van tenders vanaf die finansiële instellings soos beoog in artikel 46 van die MFMA;

(i) Dat die finale hoë-vlak meerjarige Kapitaal- en Bedryfsbegrotings ten opsigte van die **2023/2024– 2025/2026** finansiële jare goedgekeur word as finaal, in ooreenstemming met artikel 16, 17, 18 en 19 van die MFMA;

| | **Oorspronklike Begroting 2022/23** | **Spesiale Aansuiwerings begroting 2022/23** | **Finale Begroting 2023/24** | **Finale Begroting 2024/25** | **Finale Begroting 2024/25** |
|---|---|---|---|---|---|
| Kapitaalbegroting | 191 095 805 | 178 839 804 | 207 952 395 | 218 968 545 | 208 303 329 |
| Bedryfsuitgawes | 1 029 331 855 | 1 025 575 992 | 1 070 130 062 | 1 174 132 994 | 1 371 930 505 |
| Bedryfsinkomste | 1 093 983 961 | 1 098 017 579 | 1 192 485 181 | 1 302 126 207 | 1 479 438 894 |
| **Begrote (Surplus)/ Tekort** | **(64 652 106)** | **(72 441 587)** | **(122 355 119)** | **(127 993 213)** | **(107 508 389)** |
| Minus: Kapitaal Toekennings & Donasies | 77 109 000 | 78 890 510 | 107 386 943 | 115 594 000 | 91 660 000 |
| **(Surplus)/ Tekort** | **12 456 894** | **6 448 923** | **(14 968 176)** | **(12 399 213)** | **(15 848 389)** |

(j) Dat daar goedkeuring verleen word vir die kennisgewing ingevolge artikel 14(1) en (2) van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 ten opsigte van die heffing van finale eiendomsbelastingkoerse, vrystellings en afslag op eiendomme soos gespesifiseer in die onderstaande skedule en in die eiendomsbelastingbeleid vir die 2023/2024 finansiële jaar;

| ***Category of property*** | ***Rate ratio*** | ***(c/R) rate determined for the relevant property category*** |
|---|---|---|
| *Residential properties* | *1: 1* | *0,5956* |
| *Business and Commercial properties* | *1: 1,4586* | *0,8769* |
| *Industrial properties* | *1: 1,4586* | *0,8769* |
| *Agricultural properties* | *1: 0,25* | *0,1489* |
| *Mining properties* | *1: 1,4586* | *0,8769* |
| *Public Service Infrastructure* | *1: 0,25* | *0,1489* |
| *Properties owned by an organ of state and used for public service purposes* | *1: 1,4586* | *0,8769* |
| *Public Benefit Organisations* | *1: 0* | *0,0000* |
| *Vacant properties* | *1: 1,3470* | *0,8022* |
| *Municipal properties* | *1: 0* | *0,0000* |
| *Conservation Areas* | *1: 0* | *0,0000* |
| *Protected Areas* | *1: 0* | *0,0000* |
| *National Monuments* | *1: 0* | *0,0000* |
| *Informal Settlements* | *1: 0* | *0,0000* |

*Exemptions and Reductions/…*

***Exemptions and Reductions***

• ***Residential Properties:*** *For all residential properties, the municipality will not levy a rate on the first R15 000 of the property's market value. The R15 000 is the statutory impermissible rate as per section 17(1)(h) of the Municipal Property Rates Act.*

***Rebates in respect of a category of owners of property are as follows:***

• ***Indigent owners****: 100 per cent rebate will be granted to registered indigents in terms of the Indigent Policy to a maximum valuation of R105 000;*

• ***Qualifying senior citizens and disabled persons****: A rebate to an amount equal to the rates payable on the first amount of the valuation of such property to a limit of R300 000.*

***NB:*** *Please refer to the municipality's property rates policy in respect of all rebates offered.*

(k) Dat die Raad die tariefstrukture en heffings vir water, vullisverwydering, riool en ander diverse heffings soos uiteengesit in **(Annexure A: 2023/2024 – 2025/2026 Final Budget and Tariff File)** goedkeur as finaal;

(l) Dat die Raad die voorgestelde elektrisiteitstariewe as finaal goedkeur vir die 2023/2024 finansiële jaar, met inagneming dat dit **onderhewig is aan finale goedkeuring deur NERSA** en dat die Tyd-van-Gebruik kliënte daarop moet let dat die TVG-tydsgleuwe onderhewig is aan verandering hangende Nersa/Eskom se uitklaring;

(m) Dat die jaarlikse begrotingstabelle soos vereis deur die Begrotings- en Rapporteringsregulasies en uiteengesit is in **(Annexure C: Budget Report and A-Schedules 2023/2024 – 2025/2026)** goedgekeur word;

(n) Dat die **wysigings** aan die begrotings- en verwante beleide soos vervat in **(Annexure D: Final Amendments to Budget & Related Policies 2023/2024)**, goedgekeur word as finaal;

(o) Dat die opleidingsbegroting beperk is tot **0,60%** van die salarisbegroting ten bedrae van **R 1 898 364** vir die 2023/2024 finansiële jaar as finaal goedgekeur word;

(p) Dat die Raad kennis neem van die verhoging in die salarisrekening van ongeveer 5.99%:

- Ten opsigte van alle personeel, 'n verhoging van **5.4%** vir 2023/2024; **5%** vir die 2024/2025 en **5%** vir 2025/2026 finansiële jare, uitgesluit die toename in ander voordele wat van toepassing is en die jaarlikse 2,5% kerfverhoging waar van toepassing;

- Daar is voldoende begroot vir alle salarisaanpassings;

- Voorsiening is gemaak vir 'n **3%** verhoging vir politieke ampsbekleërs wat val binne die middelband van die inflasieteikens soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB).

(q) Dat die Raad kennis neem van die begrote bedryfssurplusse en dat die begroting "kontant gefinansier". Die totale groei in uitgawes van **4.4%** vanaf die huidige na die nuwe finansiële jaar en die inkomstebronne met 'n groei in inkomste van **8.6% (6.5% kapitale toekennings uitgesluit)** vir die MTREF periode, sowel as die kontantvloei-staat soos per **(A-schedule: A7)** vir die volgende drie finansiële jare;

- die risikofaktor vir kontantdekking vir bedryfsuitgawes is **9.8 maande** vir 2023/24, **9.7 maande** vir 2024/25 en **8 maande** vir die 2025/26 finansiële jaar (dit kan wesenlik beïnvloed word, maar op hierdie stadium is dit nie moontlik om wetenskaplik te bepaal nie);

- oor die volgende drie finansiële jare is die beplanning van so 'n aard dat netto bedryfsurplusse verwag word vir 2023/24, 'n bedrag van **R 14 968 176**, vir 2024/25 'n bedrag van **R 12 399 213** en vir 2025/26, 'n bedrag van **R 15 848 389 (kapitale toekennings uitgesluit),** wat ver onder die NT-norm is van minstens 'n 10% surplus.

(r) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en –formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;

(s) Dat die Raad kennis neem dat die begroting opgestel is in die nuwe mSCOA Weergawe 6.7 soos vereis deur Nasionale Tesourie.

**7.4 VASSTELLING VAN ONTWIKKELINGSBYDRAES VIR 2023/2024 (15/1/B)**

Die tariewe vir die 2023/2024 finansiële jaar is hersien ten einde 'n balans te vind tussen ontwikkelingsbydraes en werklike ingenieurskostes. Die tariewe het dus aansienlik verhoog, aangesien daar nie veel aanpassings in die voorafgaande jare was nie.

Die doel van die voorlegging van die ontwikkelingsbydraes is dus om die korting daarop te oorweeg en word 'n 60% afslag voorgestel in oorweging van bekostigbaarheid vir ontwikkelaars.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste versoek dat oorweging daaraan verleen moet word om die vrystelling van ontwikkelingsbydraes van toepassing op ontwikkeling van ondernemings en nywerhede kleiner as 100 m² vir Riebeek Vallei, uitgebrei word na die totale munisipale gebied.

**BESLUIT** (vir voorlegging aan die Raad op 25 Mei 2023)
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

(a) Die aangehegte ontwikkelingbydraes vir die 2023/2024 finansiële jaar goedgekeur word:
   (i) Greenfields"-ontwikkelingbydraes vir grootmaat elektrisiteit – (Bylae "A");
   (ii) "Brownfields"-ontwikkelingbydraes vir elektrisiteit – (Bylae "B");
   (iii) Ontwikkelingbydraes water – (Bylae "C");
   (iv) Ontwikkelingsbydraes vir riool – (Bylae “D”);
   (v) Ontwikkeliknqsbydraes vir paaie – (Bylae “E”)

(b) 'n Korting van 60% op genoemde ontwikkelingbydraes ten opsigte van die 2023/2024 finansiële jaar toegestaan word, omrede:
   - Ontwikkelaars 'n ooreenkoms met die Munisipaliteit aangaan m.b.t. die betaling van ontwikkelingbydraes ingevolge die bestaande beleide;

(c) Ontwikkelings van ondernemings en nywerhede van 100 m² en kleiner is vrygestel van die betaling van ontwikkelingsbydraes;

(d) Addisionele wooneenhede van 60 m² en kleiner is vrygestel van die betaling van ontwikkelingsbydraes;

(e) Die werklike koste van ontwikkelingsbydraes sal op alle ontwikkelings van toepassing wees, soos bepaal en bereken deur die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste en die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste van toepassing wees.

**7.5 SWARTLAND EKONOMIESE ONTWIKKELINGSPLAN (2/1/4/5)**

Die Swartland Ekonomiese Ontwikkelingsplan is 'n opsomming van nasionale, provinsiale en andere inisiatiewe wat 'n raamwerk verskaf aan Swartland Munisipaliteit hoe en waar om betrokke te raak by ekonomiese ontwikkeling.

Die hersiening van die plan is gebaseer om die nuwe GOP en ontwikkel met in ag neming van die nuwe doelwitte, sleutelprestasie-aanwysers en teikens in die GOP ten einde 'n post-Covid 19-ekonomiese ontwikkelingstrategie daar te stel.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat die Swartland Ekonomiese Ontwikkelingsplan wat as Aanhangsel A aangeheg is, goedgekeur word.

**7.6 (1) MUNISIPALE BEPLANNINGSDOKUMENT VIR VOORLOPIGE DIENSTE EN MENSLIKE NEDERSETTINGSKWESSIES INGEVOLGE DIE RAAD SE NEDERSETTINGSPLAN; (2) VERSOEK VAN KALBASKRAAL; (3) VERSOEK VAN ILINGE LETHU EN PHOLA PARK (17/4/2/B)**

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste behandel die verslag en detail van die behuisingspyplyn. Die probleme wat tans op Kalbaskraal ondervind word, word verder toegelig. Die bevel vanaf begunstigdes van die gedienste erwe is dat 'n topstruktuur ook voorsien moet word, maar waarvan slegs 10 begunstigdes sal kwalifiseer met die toepassing van die voorgeskrewe kriteria.

Verder is die begunstigdes ontevrede oor die grootte van die erf en noem die Direkteur: Ontwikkelingsdienste dat die erwe groter as die norm en voorskrifte van die Provinsiale Regering is.

Die Munisipale Bestuurder verduidelik dat daar 'n versoek vanaf rdl M Ngozi ontvang is om 'n deurgangskamp te vestig vir agterplaas bewoners wat nie vir die De Hoop-behuisingsprojek in aanmerking gaan kom nie.

'n Bespreking volg aangaande die invloed wat voormelde versoek op die De Hoop-behuisingsprojek sal hê en moontlike behuisingsgeleenthede wat vir begunstigdes verlore sal gaan. Verder sal dit regverdig wees teenoor ander gemeenskappe wat al vir jare wag op 'n behuisingsprojek en dieselfde probleme met agterplaas bewoners ondervind.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

(a) Dat die aangepaste munisipale beplanningsdokument, soos voorgelê, deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aanvaar word;

(b) Dat die voorgestelde projekte 'n beplanningsdokument is en onderworpe is aan die beskikbaarheid van fondse, geskikte grond en grootmaatdienste binne die onderskeie dorpe en indien voldoende fondse nie beskikbaar is nie, projekte moontlik aangeskuif kan word na die volgende finansiële jare;

(c) Dat die Raad ook kennis neem dat die topstrukture (395) van fase 1 van die Malmesbury De Hoop Behuisingsprojek einde April 2023 voltooi is en dat tenders gevra is vir die installering van siviele dienste ten opsigte van De Hoop Fase 2 (1013) erwe en Darling (187) erwe.

(d) Dat, na oorweging van die versoeke van Kalbaskraal ('n onmiddellike behuisingsprojek) en Ilinge Lethu, meer spesifiek Phola Park (vir n deurgangskamp – met dienste) die besluitneming in die verband na die Raad verwys word;

(e) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, gebaseer op voormelde inligting, hulle kommer uitspreek dat voldoening aan die Kalbaskraal en Ilinge Lethu versoeke, sal neerkom op *"queue jumping*" wat 'n ongelukkigheid by die res van die gemeeskappe en mense op die waglys sal skep.

**7.7 TWEEDE WYSIGING VAN DIE 2022/2023 MIG GEDETAILLEERDE PROJEKIMPLEMENTERINGSPLAN (5/9/2/6/1)**

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste bevestig dat die konstruksie van strate in Kalbaskraal gestaak is weens die onluste. Die MIG-gelde is dus oorgeskuif na Chatsworth wat 'n wysiging in die 2022/2023 MIG-gedetailleerde projekimplementeringsplan noodsaak.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat kennis geneem word die konstruksie van strate projek in Kalbaskraal vertraag word deur die voortgesette onrus wat gevolglik 'n aanpassing van die beplande besteding vir 2022/2023 vereis;

(b) Dat, ten einde die MIG-projekte suksesvol te implementeer daar ’n herallokering van fondse tussen die geregistreerde MIG-projekte gedoen moet word, en dat die 2022/2023 MIG-projekimplementeringsplan dienooreenkomstig gewysig word;

(c) Dat die volgende projekte en begrotings vir die eerste gewysigde MIG-projek-implementeringsplan vir die 2022/2023 finansiële jaar goedgekeur word:

| Nr | Project | MIG Ref. | Budget |
|---|---|---|---|
| 1 | Rehabilitate Water Networks | WC1287/W/14/17 | R 2 217 712 |
| 2 | De Hoop Development: External Water Supply | WC1864/W/21/24 | R 2 464 000 |
| 3 | De Hoop Development: Upgrade Bulk Water Supply | WC1865/W/21/25 | R 19 177 500 |
| 4 | Malmesbury: Rehabilitation of Roads | WC1765/R.ST/19/23 | R 1 250 788 |
| 5 | Abbotsdale: Construction of Roads | WC1858/R.ST/22/25 | R 1 570 489 |
| 6 | Abbotsdale: Construction of Roads Phase 2 | WC/1912/R.ST/22/25 | R 1 447 316 |
| 7 | Malmesbury: Ilingelethu: Construction of Roads | WC1859/R.ST/22/25 | R 228 019 |
| 8 | Illingelethu Construction of Roads Phase 2 | WC/1911/R.ST/22/25 | R 461 112 |
| **9** | **Chatsworth: Construction of Roads** | **WC1862/R.ST/22/25** | **R 3 356 382** |
| 10 | Riebeek West: Construction of Roads Phase 2 | WC/1909/R.ST/22/25 | R 1 636 682 |
| **11** | **Kalbaskraal: Construction of Roads Phase 2** | **WC/1913/R.ST/22/25** | **R 0** |
| | | **Total** | **R 33 810 000** |

(d) Dat die gewysigde MIG-projekimplementeringsplan aan die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake beskikbaar gestel word.

**7.8 STRATE, HERSEEL PROGRAM 2023/2024 (16/5/5/1)**

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste verduidelik dat die toedeling van die fondse geskied ingevolg die *Pavement Management System*. Daar is besluit, ten einde die fondse optimaal aan te wend, om slegs strate in Malmesbury en Moorreesburg te herseel, aangesien die hervestigingskoste van die operateur baie duur is.

Rdh T van Essen noem dat voormelde nie regverdig teenoor die res van die dorpe in die Munisipale gebied is nie, en dat die program heroorweeg moet word.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die item terugverwys word vir heroorweging van die program.

**7.9 KONSTRUKSIE VAN PAAIE PROGRAM 2023/2024 (16/5/5/1)**

‘n Bedrag van R23 708 000 is beskikbaar in die 2023/2024 finansiële jaar vir die konstruksie/opgradering van paaie, waarvan ‘n groot gedeelte uit MIG-fondse befonds word.

Alhoewel die opgradering van paaie bepaal word deur die *Unpaved Roads Management System (iRAMS)* is dit die komitee se mening dat daar gekyk moet word na paaie wat bv. besighede bedien wat werkskepping in die munisipale gebied bevorder.

Die voorsitter noem dat daar ander wyses gevind sal moet word om paaie op te gradeer en nie slegs uit MIG-fondse nie. Verder sal daar ‘n plan opgetrek moet word om aan die wyksraadslede te voorsien om inwoners in te lig aangaande die beplanning van die Raad met betrekking tot die konstruksie/opgradering van paaie.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste noem dat die paaie op die program reeds geregistreer is op die MIG-program en kan dit nie gewysig word nie.

7.9/... Daar word versoek dat Cimbidium C1 7, Darling vanaf die program verwyder word.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdh T van Essen)

(a) Dat kennis geneem word van die aangehegte program ten opsigte van die konstruksie/opgradering van paaie;

(b) Dat Cimbidium CI 7, Darling vanaf die program verwyder word en dat ‘n ander pad geïdentifiseer word;

(c) Dat verder kennis geneem word dat dit ‘n voorlopige program is en onderhewig is aan die finale kosteberekeninge en moontlik afgeskaal sal word in ooreenstemming met die koste van die laagwerke en ontwerpe van sypaadjies.

**7.10 HERSIENING VAN STELSEL VAN DELEGASIES (2/5/1, 2/5/2)**

Artikel 59 van die Munisipale Stelselswet bepaal dat 'n Raad 'n Stelsel van Delegasies moet ontwikkeling en onderhou wat administratiewe en operasionele doeltreffendheid sal optimaliseer en voorsiening maak vir voldoende wigte en teenwigte.

Die aanhangsel tot die sakelys behels die tweede hersiening van die Stelsel van Delegasies wat op 16 November 2021 deur die Raad aanvaar is. Die wysigings word in detail in die verslag, met aanhangsels, bespreek.

**BESLUIT** (vir voorlegging aan die Raad op 25 Mei 2023)
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

(a) Dat die wysiging tot die Raad se Stelsel van Delegasie (2^de Hersiening) soos vervat in Aanhangsels A tot C goedgekeur word, en kennis geneem word van die wysigings aan die Munisipale Bestuurder en Hoof Finansiële Beampte se delegasiestelsels soos vervat in Aanhangsels D tot G;

(b) Dat kennis geneem word dat geen wysigings aangebring is aan die Artikel 53 Roluitklaring vir politieke strukture, politieke ampsbekleërs en die Munisipale Bestuurder nie, welke dokument deel uitmaak van die Stelsel van Delegasie.

**7.11 HUUROOREENKOMS: MUNISIPALITEIT SWARTLAND / MALMESBURY GHOLFKLUB: AANSOEK OM ONDERVERHURING (K2/1/2-Vol 2)**

Die Malmesbury Gholfklub is deur Pam Golding genader om kantoorspasie van 12 m² in die klubhuis te huur. Die huurooreenkoms met die Malmesbury Gholfklub bepaal dat onderverhuring van die fasilieite slegs met die skriftelike goedkeuring van die Munisipaliteit mag geskied.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

(a) Dat toestemming onder hand van die Munisipale Bestuurder verleen word vir die onderverhuring van kantoorspasie, groot 12 m², by die Malmesbury gholfklubfasiliteite, met dien verstande dat die Gholfklub steeds aanspreeklik sal wees vir die volle huurgeld soos bepaal in die huurooreenkoms, asook dienstegelde (water, elektrisiteit, ens) wat met die onderverhuurde gedeelte verband hou;

(b) Dat die goedkeuring slegs vir een jaar sal geld, en dat die klub derhalwe opnuut sal moet aansoek doen by verstryking van gemelde termyn;

(c) Dat die Munisipale Bestuurder met volmag beklee word om enige verdere aansoeke in hierdie verband te mag oorweeg, en toepaslike voorwaardes te mag bepaal.

7.12/...

### 7.12 HUUROOREENKOMS: SINETHEMBA VIR DIE BESTUUR VAN DIE DAHLIA HUIS TE MALMESBURY (17/9/2/R)

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste noem dat me Slingers die bedryf van die Dahlia-huis as 'n Gemeenskapsorgsentrum vir slagoffers van geweld teen einde Januarie 2023 gestaak het.

'n Voorstel is vanaf Sinethemba ontvang om die Dahlia-huis as 'n Veiligheidshuis te bedryf. Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste noem dat Sinethemba 'n holistiese benadering volg tot die aanspreek van geweld en in 'n posisie is om 'n volhoubare program te vestig.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdh T van Essen)

(a) Dat 'n drie (3) jaar huurooreenkoms met Sinethemba,met ingang van 1 Julie 2023, aangegaan word vir die huur en bestuur van die Dahlia Huis (8 Dahliastraat, Malmesbury);

(b) Dat die huurgeld vasgestel word op R100,00 per jaar plus BTW;

(c) Dat, indien Sinethemba homself as na behore finansieel volhoubaar bewys en programme volhoubaar aanbied, oorweging geskenk sal word om 'n verdere termyn van drie (3) jaar om die Dahlia Huis te bestuur.

### 7.13 UITSTAANDE DEBITEURE: APRIL 2023 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure teen einde Maart 2023 is met die sakelys gesirkuleer.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir April 2023.

### 7.14 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

Die komitee spreek sy kommer uit dat daar te veel diefstal uit munisipale store plaasvind. Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste bevestig dat diefstal nie toegeskryf kan word aan die nalatigheid van amptenare nie, maar wel dat daar nie genoeg sekuriteit is nie en gereelde inbrake plaasvind.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 30 April 2023 soos met die sakelys gesirkuleer.

### 7.15 VOORRAADOPNAME: 2023 (6/1/1)

Die jaarlikse voorraadopname vind plaas op 29 Junie 2023 vir bywoning deur afgevaardigde raadslede as waarnemers.

**BESLUIT**

(a) Dat rdh T van Essen en rdl N Smit (rdle D G Bess en A K Warnick, onderskeidelik as sekundes) aangewys word as waarnemers by die voorraadopname op 29 Junie 2023;

(b) Dat die betrokke raadslede kennis neem dat die Hoof Magasynmeester graag om 09:00 stiptelik aanvang sal neem met die voorraadopname by die hoof magasyn te Malmesbury.

**7.16 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTELWERK AAN DIE "WASH COMPACTOR SCREEN" BY DIE INLAATWERKE VAN MALMESBURY WWTW (8/1/B/2)**

Die inlaatwerke by die Malmesbury WWTW is toegerus met skerms wat verhoed dat nie-afbreekbare stowwe by die WWTW ingelaat word wat toerusting laer af in die stelsel kan beskadig.

Die waskomponent van een van die skerms het onklaar geraak.

**BESLUIT**

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomiteee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;

(b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstel van die *washer compactor* by die inlaatwerke van die Malmesbury WWTW deur G W Trautman ten bedrae van R51 670.30 (BTW uitgesluit);

(c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures as volg is:
   (i) Die omvang van die werk wat GW Trautmann aan die masjien gedoen het om die foutiewe komponente te kon inspekteer en 'n kwotasie op te stel;
   (ii) Dit sal onprakties wees om die amptelike verkrygingsprosesse te volg aangesien dit die hersamestelling van die foutiewe komponente sou vereis

(d) Dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe ten bedrae van R51 670.30 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/239-851-689 verreken word;

(e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.17 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSE/DURES: DRINGENDE HERSTEL VAN MENGER BY RIEBEEK KASTEEL WWTW (8/1/B/2)**

Die behandelingsproses by die Riebeek Kasteel WWTW bestaan uit verskeie sones van meganiese toerusting wat die vloei van gedeeltelik behandelde riool deur die sones verseker. Die ratkat van die menger het onklaar geraak.

**BESLUIT**

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomiteee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;

(b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstel van die ratkas van die menger by die Riebeek Kasteel WWTW deur G W Trautman ten bedrae van R38 058.31 (BTW uitgesluit);

(c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures as volg is:
   (i) Die menger sou vir 'n geruime tyd buite werking gelaat word sou die normale verkrygingsprosedures gevolg word;
   (ii) Voormelde sou aanleiding gee in die faling van die suiweringsproses en verdere skade aan meganiese komponente;
   (iii) Die herstelwerk aan die menger is as 'n noodgeval hanteer;

(d) Dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe ten bedrae van R38 058.31 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/239-851-689 verreken word;

(e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.18 MANDAATVERGADERING: SALGBC ONDERHANDELINGE (4/9/4/B)**

‘n Uitnodiging is vanaf SALGA ontvang na ‘n virtuele mandaatvergadering op 16 Mei 2023. Die doel van die vergadering was om terugvoering te gee insake die onderhandelinge met die Bedingingsraad (SALGBC) op nasionale vlak en om ‘n mandaat vanaf munisipaliteit te verkry oor die volgende aangeleenthede:

(1) Hoof Kollektiewe Ooreenkoms;
(2) Loonkurwe en Kategorisering Kollektiewe Ooreenkoms;
(3) COVID-19 vergoedingsraamwerk.

Die Munisipale Bestuurder verduidelik die mandate wat aan SALGA deur Swartland Munisipaliteit verleen is soos vervat in die verslag.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die mandaat wat aan SALGA verskaf is rakende die Hoof Kollektiewe Ooreenkoms, die Loonkurwe en Kategorisering Kollektiewe Ooreenkoms sowel as die COVID-19 Vergoedingsraamwerk.

**(GET) J H CLEOPHAS**
**UITVOERENDE BURGEMEESTER**

**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE MUNISIPALE BESTUUR-, ADMINISTRASIE EN FINANSIES PORTEFEULJEKOMITEE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU OP WOENSDAG, 7 JUNIE 2023 OM 10:00**

**TEENWOORDIG**:

**RAADSLEDE**:
Voorsitter, rdl I S le Minnie
Ondervoorsitter, rdl N Smit

O'Kennedy, E C
Pypers, D C
Rangasamy, M A (rdh)
Soldaka, P E
van Essen, T (rdh)
van Zyl, M (rdd)
Vermeulen, G
Warnick, A K

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (in ex-officio hoedanigheid)

**BEAMPTES**:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Waarnemende Direkteur: Korporatiewe Dienste, me S de Jongh
Waarnemende Direkteur: Finansiële Dienste, me H Papier
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Komitee beampte, me S Willemse

**1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Die voorsitter verwelkom lede en versoek rdl R J Jooste om die vergadering met gebed te open.

Die voorsitter bevestig die teenwoordigheid van raadslede wat dien op die Portefeuljekomitee: Munisipale Bestuurder, Administrasie en Finansies.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl B J Penxa, die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton en die Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche.

**2. NOTULE**

**2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (MUNISIPALE BESTUUR-, ADMINISTRASIE- EN FINANSIESKOMITEE) GEHOU OP 10 MEI 2023**

**BESLUIT**
(voorgestel deur rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdd M van Zyl)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Munisipale Bestuur-, Administrasie- en Finansieskomitee) gehou op 10 Mei 2023 goedgekeur word, onderhewig aan die regstellings:

**Item 5: Gedelegeerde sake m.b.t. Munisipale Bestuurder**

Geen

**Item 7: Gedelegeerde sake m.b.t. Administrasie**

Geen

**Item 9: gedelegeerde sake m.b.t. Finansies**

Geen

## 3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

### 3.1 SKRYWES VAN DANK EN WAARDERING AAN SWARTLAND MUNISIPALITEIT

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die skrywes van dank en waardering aan Swartland Munisipaliteit soos met die sakelys gesirkuleer.

## 4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES

Geen

## 5. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. MUNISIPALE BESTUURDER

### 5.1 MAANDVERSLAG: APRIL 2023

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel soos met die sakelys gesirkuleer en versoek die Munisipale Bestuurder, om belangrike aspekte uit te wys.

Die Munisipale Bestuurder meld dat daar 70% van die kapitaalbegroting spandeer is en dat die doel steeds is om die teiken van 90% teen einde Junie 2023 te bereik.

**BESLUIT**
(voorgestel deur rdl N Smit, gesekondeer deur rdd M van Zyl)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Munisipale Bestuurder vir April 2023.

## 6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

### 6.1 SALGA WERKGROEPE (SPEAKER'S FORUM): RAPPORTERING

Die Speaker's Forum is van 4 tot 5 Mei 2023 deur raadsheer M A Rangasamy bygewoon.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die agenda van die Speaker's Forum wat deur, Rdh M A Rangasamy, vanaf 4 tot 5 Mei 2023 bygewoon was;

(b) Dat verder kennis geneem word van die opinie wat Stad Kaapstad vanaf 'n senior raadgewer verkry het aangaande die Speaker se oorsigrol oor die uitvoerende gesag van die munisipaliteit.

### 6.2 SALGA: PROVINSIALE WERKGROEP: BESTUUR EN INTER-REGERINGSVERHOUDINGE

Die SALGA: Provinsiale Werkgroep oor Bestuur en Interregeringsverhoudinge is op 10 Mei 2023 deur die Uitvoerende Burgemeester en Munisipale Bestuurder bygewoon.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die aangehegte opsomming van die uitkomste van die *SALGA: Provincial Group on Governance and Intergovernmental Relations* wat deur die Uitvoerende Burgemeester en Munisipale Bestuurder op 10 Mei 2023 bygewoon was.

## 7. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. ADMINISTRASIE

7.1/...

### 7.1 MAANDVERSLAG: APRIL 2023

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel soos met die sakelys gesirkuleer.

**BESLUIT**
(voorgestel deur rdl N Smit, gesekondeer deur rdd M van Zyl)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Korporatiewe Dienste vir April 2023.

## 8. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

## 9. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. FINANSIES

### 9.1 MAANDVERSLAG: APRIL 2023

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel soos met die sakelys gesirkuleer.

**BESLUIT**
(voorgestel deur rdl N Smit, gesekondeer deur rdd M van Zyl)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Finansiële Dienste vir April 2023.

## 10. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

**(GET) RDL I S LE MINNIE**
**VOORSITTER**

**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SIVIELE- EN ELEKTRIESE DIENSTE PORTEFEULJEKOMITEE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU OP WOENSDAG, 7 JUNIE 2023 OM 10:13**

**TEENWOORDIG**:

**RAADSLEDE**:
Voorsitter, rdl R J Jooste
Ondervoorsitter, rdh T van Essen

Duda, A A
Fortuin, C
O'Kennedy, E C
Pieters, C
Smit, N
Van Zyl, M (rdd)
Warnick, A K

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (in ex-officio hoedanigheid)

**BEAMPTES**:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Waarnemende Direkteur: Korporatiewe Dienste, me S de Jongh
Waarnemende Direkteur: Finansiële Dienste, me H Papier
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Komitee beampte, me S Willemse

**1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Die voorsitter verwelkom almal teenwoordig.

Die voorsitter bevestig die teenwoordigheid van raadslede wat dien op die Portefeuljekomitee: Siviele en Elektriese Dienste.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl D G Bess, die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton en die Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche.

**BESLUIT** dat kennis geneem word dat rdh B J Stanley afwesig is sonder verlof.

**2. NOTULE**

**2.1 NOTULES VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (SIVIELE- EN ELEKTRIESE DIENSTEKOMITEE) GEHOU OP 10 MEI 2023**

**BESLUIT**
(voorgestel deur rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Siviele- en Elektriese Dienste) gehou op 10 Mei 2023 goedgekeur word.

**3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS**

Geen

**4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES**

Geen

**5. GEDELEGEERDE SAKE**

## 5.1. MAANDVERSLAG: APRIL 2023

### 5.1.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE

Die voorsitter lê die maandverslag, soos met die sakelys gesirkuleer, ter tafel.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste gee inligting deur insake die damvlakke in die Swartland munisipale area.

Rdle R J Jooste, C Fortuin en A A Duda lewer onderskeidelik kommentaar oor die oorvloei van water gedurende die rëen seisoen en is bekommerd dat dit die inwoners se huise benadeel.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat rdh T van Essen en die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste inspeksie doen in Riverlands om bogenoemde probleem aan te spreek.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl E C O'Kennedy, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste vir April 2023.

### 5.1.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller gee 'n opsomming insake die maandverslag en lig die onderstaande uit, naamlik:

- Energie-aankope en inkomste op grootmaatrekeninge.
- Eskom grootmaat rekeningstatistieke.
- Daar was 'n toename in die maksimum aanvraag.
- Soos op 24 Mei 2023 is 'n totaal van 805 meters omgeskakel, as deel van die TID-projek. Die fokus vir die res van die finansiële jaar sal steeds Malmesbury en Moorreesburg wees as gevolg van die impak van beurtkrag op werkskedules van die span.
- Onderhoudsuitgawes. Die impak op die instandhouding van straatligte, veral in die Eskom-gebiede, is baie hoog.
- Die aansienlike toename in na-ure uitroepe in Malmesbury is kommerwekkend.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl E C O'Kennedy, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir April 2023.

## 6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

**(GET) RDL R J JOOSTE**
**VOORSITTER**

Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE ONTWIKKELINGSDIENSTE PORTEFEULJEKOMITEE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU OP WOENSDAG, 7 JUNIE 2023 OM 10:40**

**TEENWOORDIG**:

**RAADSLEDE**:
Voorsitter, rdl G Vermeulen

Booysen, A M
Daniels, C
De Beer, J M
Le Minnie, I S
Ngozi, M
Pypers, D C
Rangasamy, M A (rdh)
Smit, N
Soldaka, P E

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (in ex-officio hoedanigheid)

**BEAMPTES**:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Waarnemende Direkteur: Korporatiewe Dienste, me S de Jongh
Waarnemende Direkteur: Finansiële Dienste, me H Papier
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Komitee beampte, me S Willemse

## 1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die voorsitter verwelkom almal teenwoordig.

Die voorsitter bevestig die teenwoordigheid van raadslede wat dien op die Portefeuljekomitee: Ontwikkelingsdienste.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl D G Bess, die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton en die Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche.

## 2. NOTULE

### 2.1 NOTULES VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ONTWIKKELINGS-DIENSTE) GEHOU OP 10 MEI 2023

**BESLUIT**
(voorgestel deur rdl I S le Minnie, gesekondeer deur rdh M A Rangasamy)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Ontwikkelingsdienste) gehou op 12 April 2023 goedgekeur word, onderhewig aan die regstelling:

**Item 5.1: MAANDVERSLAG: MAART 2023**

Die volgende behuisingsprojek sal in Darling en Moorreesburg plaasvind, wat oor 2 finansiële jare sal loop. Vir Moorreesburg sal daar ***645*** behuisingsgeleenthede wees en vir Darling sal daar 187 behuisingsgeleenthede wees.

## 3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

Geen

## 4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES

Geen

## 5. GEDELEGEERDE SAKE

### 5.1 MAANDVERSLAG: APRIL 2023

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste, gee inligting deur insake die vordering met die onderskeie behuisingsprojekte en die verskeie projekte wat in Swartland Munisipaliteit aangebied word deur Gemeenskapsontwikkeling.

Rdl A M Booysen verwys na die De Hoop-projek fase 2 en soek duidelikheid oor die 31 gedeelde geleenthede.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste meld dat die inwoners wat in Phola Park woon, benodig 'n tydelike woning, sodat die munisipaliteit elektrisiteit in hul huis kan installeer. Die 31 gedeelde geleenthede is 'n aparte projek van die De Hoop-projek, maar dit is ook deel van die grond waar die De Hoop-projek plaasvind.

Verder meld die Munisipale Bestuurder dat dit 'n tydelike reëling is en bied nie geleenthede vir ander mense om na daardie area hervestig te word nie.

Op navraag deur rdl P E Soldaka insake behuisingsgeleentheid vir Koringberg is nie, meld die Direkteur: Ontwikkelingsdienste dat daar 'n klein hoeveelheid individue in Koringberg op die behuisingswaglys is.

Dit sal moeilik wees vir Koringberg om hul eie behuisingsprojek te hê, aangesien ‘n groot hoeveelheid grond in Koringberg nie aan die munisipaliteit behoort nie. Een van die voorstelle was dat van die bejaardes oorweeg moet word om by die Moorreesburg-behuisingsprojek ingesluit te word. Daar word tans oorweeg om ‘n gesprek met die Moorreesburg inwoners te voer, om te bepaal hoe Koringberg by die groot behuisingsprojek kan insluit.

Rdl P E Soldaka versoek dat daar ‘n verteenwoordiger van Koringberg moet wees vir die volgende behuisingsvergadering met die inwoners van Moorreesburg.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl D C Pypers, gesekondeer deur rdl I S le Minnie)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Ontwikkelingsdienste vir April 2023.

## 6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR

Geen

## 7. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

**(GET) RDL G VERMEULEN**
**VOORSITTER**

**NOTULE VAN ’N VERGADERING VAN DIE BESKERMINGSDIENSTE PORTEFEULJEKOMITEE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU OP WOENSDAG, 7 JUNIE 2023 OM 10:59**

**TEENWOORDIG**:

**RAADSLEDE**:
Voorsitter, rdd M van Zyl
Ondervoorsitter, rdl A K Warnick

Daniels, C
De Beer, J M
Fortuin, C
Jooste, R J
Le Minnie, I S
Papier, J R
Pieters, C

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (in ex-officio hoedanigheid)

**BEAMPTES**:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Waarnemende Direkteur: Korporatiewe Dienste, me S de Jongh
Waarnemende Direkteur: Finansiële Dienste, me H Papier
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Komitee beampte, me S Willemse

**1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Die voorsitter verwelkom lede.

Die voorsitter bevestig die teenwoordigheid van raadslede wat dien op die Portefeuljekomitee: Beskermingsdienste.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl D G Bess, die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton en die Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche.

**BESLUIT** dat kennis geneem word dat rdh B J Stanley afwesig is sonder verlof.

**2. NOTULE**

**2.1 NOTULES VAN ’N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (BESKERMINGS-DIENSTE) GEHOU OP 10 MEI 2023**

**BESLUIT**
(voorgestel deur rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl I S le Minnie)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Beskermingsdienste) gehou op 10 Mei 2023 goedgekeur word, onderhewig aan die regstelling:

**Item 6.1: evaluering van die implementering van die K9-Eenheid in die Swartland Munisipaliteit**

Die Swartland K9-eenheid is in Oktober 2020 gestig met ***fondse*** van die Departement van Gemeenskapsveiligheid (DOCS) met 9 honde en 9 hondehanteerders.

**3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS**

Geen

## 4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES

Geen

## 5. GEDELEGEERDE SAKE

### 5.1. MAANDVERSLAG: APRIL 2023

#### 5.1.1 PRESTASIEVERSLAG
#### 5.1.2 VERKEER- EN WETSTOEPASSINGSDIENSTE
#### 5.1.3 BRANDBESTRYDING

Die voorsitter lê die maandverslag, soos met die sakelys gesirkuleer, ter tafel en gee geleentheid aan die Direkteur: Beskermingsdienste om belangrikste aspekte uit die maandverslag aan raadslede uit te wys.

